education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

MODEL 2008

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudraamwerk vir 2008, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD IN DIE 1960's?

   VRAAG 2: HOE HET UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA 'N WERKLIKHEID GEWORD?

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VANAF DIE 1960's TOT 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1960's: Burgerregtebeweging en Swart Mag-bewegings in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VANAF DIE 1960's TOT 1990 NA VORE GEKOM?

   - Fokus 1970's: Swartbewustheidsbeweging in Suid-Afrika; apartheid in Suid-Afrika in die 1980's

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en die uitgebreide skryfwerk wat 30 punte tel.

4. In die beantwoording van vrae moet kandidate die toepassing van kennis, vaardighede en insig kan bewys.

5. Kandidate wat slegs die bronne as antwoorde oorskryf, sal benadeel word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:

LEERUITKOMSTE	ASSESSERINGSTANDAARDE Die vermoë van die leerder om die volgende te doen:
Leeruitkoms 1 **(Geskiedkundige ondersoek)**	1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)** 2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid van toepaslike inligtingsbronne om 'n ondersoek te doen. **(Nie vir eksamen-doeleindes nie.)** 3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit bronne. 4. Evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.
Leeruitkoms 2 **(Geskiedkundige begrippe)**	1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene. 2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudings binne die samelewings wat bestudeer is. 3. Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings oor die optrede of gebeure te maak.
Leeruitkoms 3 **(Vertolking van kennis en kommunikasie)**	1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings uit die data krities. 2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te ondersteun. 3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument. 4. Dra kennis en begrip skriftelik oor.

Die vrae vir die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

VLAK VAN VRAAG
Vlak 1 • Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argumentslyn wat in die langvraag uiteengesit word. • Beplan en konstrueer 'n argument op grond van bewyse, en gebruik die bewyse om 'n slotsom te bereik.
Vlak 2 • Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse om die argument te ondersteun. • Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met bewyse. • Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.

VRAAG 1: HOEKOM HET BERLYN DIE BRANDPUNT VAN DIE IDEOLOGIESE STRYD TUSSEN DIE SOWJETUNIE (USSR) EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE KOUE OORLOG GEWORD?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Beskryf die leefwyse in elk van die volgende:

(a) Wes-Berlyn

(b) Oos-Berlyn (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat was die redes vir die verskil in leefwyse in die twee dele van Berlyn? (2 x 2) (4)

1.1.3 Hoekom het Khrushchev en Kennedy by Berlyn betrokke geraak? (2 x 2) (4)

1.1.4 Kan Khrushchev se optrede om mense te verhoed om te ontsnap, geregverdig word? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter verskille het Kennedy tussen die vrye wêreld en die kommunistiese wêreld uitgelig? (1 x 2) (2)

1.2.2 (a) Hoe sou ondersteuners van die vrye wêreld Kennedy se toespraak beskou het? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik hoekom jy dink dat Kennedy Wes-Berlyn in sy toespraak geprys het? . (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik die betekenis van Kennedy se stelling: 'Alle vrye mense, waar hulle ook al mag woon, is burgers van Berlyn.' (2 x 2) (4)

1.2.4 Jy is 'n koerantberiggewer in Wes-Berlyn. Skryf 'n opskrif vir óf die voorblad van *Pravda* (Russiese koerant) waarin jy Kennedy se toespraak kritiseer, óf vir *The Washington Post*, waarin jy Kennedy ondersteun. (1 x 3) (3)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Wat was die implikasies van die kennisgewing 'Aandag, u verlaat nou Wes-Berlyn' op die mense van Wes-Berlyn? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink dat die kwessie van die Berlynse Muur 'n onderwerp van propaganda geword het. (2 x 2) (4)

1.3.3 Tot watter mate sou hierdie foto's betroubaar wees vir 'n historikus wat navorsing oor die Berlynse Muur doen? (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (60 woorde) waarin jy die Sowjetunie se handelinge om die Berlynse Muur te bou, óf verdedig óf kritiseer. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Verduidelik hoekom Berlyn die brandpunt van die ideologiese stryd tussen die VSA en die USSR in die Koue Oorlog geword het. (30)

OF

1.5.2 Die Berlynse Krisis het spanning en verdeeldheid in Europa verhoog.

Stem jy saam? Gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis en bespreek hierdie stelling. (30)
[75]

VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE PROSES VAN DEKOLONISASIE IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's GELEI?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Watter land het elk van die volgende persone verteenwoordig?

(a) Charles de Gaulle

(b) Nkrumah

(c) Chamberlain

(d) Koning Lodewyk II (4 x 1) (4)

2.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik of die Europese koloniale magte gretig was om 'uit Afrika pad (te) gee'. (2 x 2) (4)

2.1.3 Hoekom, dink jy, kan dit geregverdig word dat Nkrumah die volgende eis gemaak het: 'Geen blanke oorheersing meer nie! Ons wil Afrika vir die swartmense hê'? (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik hoekom die volgende stelling nie geregverdig kan word nie: '… die mense is nie opgelei om hulle eie regering te bestuur nie.' (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik hoe bruikbaar hierdie bron vir 'n historikus wat die proses van dekolonisasie in Afrika bestudeer, is. (2 x 2) (4)

2.2.2 Wat het Harold Macmillan veral van Afrika se begeerte om onafhanklik te wees, beïndruk? (1 x 2) (2)

2.2.3 (a) Wat, volgens die bron en jou eie kennis, was Macmillan se boodskap aan Suid-Afrika? (1 x 2) (2)

(b) Gee TWEE redes hiervoor. (2 x 1) (2)

2.3 Vergelyk Bronne 2A en 2B. Verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun ten opsigte van die proses van dekolonisasie. (2 x 3) (6)

2.4 Lees Bron 2C deur.

2.4.1 Watter boodskap wou Nkrumah aan die mense oordra met die stelling: 'Soek eers die politieke koninkryk en alle ander dinge sal na julle toe kom'? (1 x 2) (2)

2.4.2 Hoe toon hierdie bron dat koloniale beheer nie in die Afrikane se belang was nie? (1 x 2) (2)

2.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik jou indrukke van Nkrumah as leier. (1 x 2) (2)

2.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik waarom jy, as jy 'n Ghanees was, onafhanklikheid vir Ghana sou wou hê. (6)

2.6 Verwys na Bron 2D.

2.6.1 Hoe ondersteun Bron 2D die argument dat dit koloniale magte was wat die probleme in Afrika veroorsaak het? (1 x 3) (3)

2.6.2 Volgens hierdie bron, waarom was dit vir die swartmense van Afrika nodig om 'nuwe identiteite' te skep? (2 x 1) (2)

2.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 2.7.1 OF VRAAG 2.7.2.

2.7.1 Bespreek die faktore wat tot die proses van dekolonisasie in Afrika in die 1960's en 1970's gelei het. (30)

OF

2.7.2 Uhuru was 'n pynlike gevolg van die dekolonisasieproses in Afrika.

Stem jy saam? Gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis en bespreek die stelling. (30)
[75]

VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERREGTEPROTES HET IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's ONTSTAAN?

Gebruik Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Watter tipe gemeenskap het Martin Luther King bepleit? (1 x 2) (2)

3.1.2 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik wat Martin Luther King besiel het om die 'Ek het 'n droom'-toespraak te maak. (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik wat met die volgende bedoel word: ' … hulle nie op grond van die kleur van hul vel geoordeel sal word nie, maar op grond van hul karakter.' (1 x 2) (2)

3.1.4 Wat vertel die woorde 'Uiteindelik vry! Uiteindelik vry! … ons is uiteindelik vry!' jou van die omstandighede waaronder Afro-Amerikaners geleef het? (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Watter bewyse in die bron is 'n aanduiding dat die slagspreuk 'Swart Mag' deur verskillende Afro-Amerikaners aangeneem is? (2 x 1) (2)

3.2.2 Hoe het Afro-Amerikaners die filosofie van Swart Mag bevestig? (2 x 1) (2)

3.2.3 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Swart Mag so sterk aanklank by sommige swartmense in Amerika gevind het. (1 x 2) (2)

3.2.4 Met verwysing na die bron en jou eie kennis, tot watter mate, dink jy, het die Swartmagbeweging die kultuur en lot van die Afro-Amerikaners bevorder en beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C deur.

3.3.1 Verduidelik of Malcolm X geregverdig is in sy kritiek op Amerika. (2 x 2) (4)

3.3.2 Hoe wil Malcolm X die uitdagings wat Afro-Amerikaners in die gesig staar, te bowe kom? (2 x 2) (4)

3.3.3 Volgens Malcom X, hoe sou die Verenigde Nasies as 'n platform gebruik word om die volgende versoek uit te voer: 'brei die burgerregtestryd uit'? (1 x 2) (2)

3.3.4 Verduidelik hoekom Malcolm X se toespraak 'Die Stembrief of die Koeël' ('The Ballot or the Bullet') gepas is in die konteks van die burgerregtebeweging. (1 x 2) (2)

3.4 Verduidelik op watter maniere Bron 3A van Bron 3C verskil met betrekking tot die burgerregteprotesbewegings in die VSA gedurende die1960's. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bronne 3A, 3B en 3C en verduidelik hoe hulle mekaar ondersteun met betrekking tot die burgerregteprotesbeweging in die Verenigde State van Amerika. (5)

3.6 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik hoe leierskap die basis gevorm het in die stryd om trots en waardigheid deur die swart Amerikaners. (6)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 3.7.1 OF VRAAG 3.7.2.

3.7.1 Daar word dikwels na die 1960's verwys as die 'dekade van die burgerregteproteste' in die Verenigde State van Amerika.

Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek krities. (30)

OF

3.7.2 Gebruik die inligting uit die bronne en jou eie kennis en verduidelik hoe die verskillende vorme van burgerregteproteste wat in die Verenigde State van Amerika plaasgevind het, 'n impak op die stryd om menseregte gehad het. (30)
[75]

VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO SWART BEWUSTHEID IN DIE 1970's IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?

Gebruik Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis om die begrip *Swart Bewustheid* te verduidelik. (1 x 2) (2)

4.1.2 Wat, volgens Biko, was die ongerymdhede in Suid-Afrika in hierdie tyd? (2 x 2) (4)

4.1.3 Wat was Biko se voorstel om van die 'totaliteit' van blanke mag ontslae te raak? (1 x 2) (2)

4.1.4 Tot watter mate stem jy saam met Biko se siening dat die politieke stelsel swart mense sielkundig minderwaardig laat voel het? (2 x 2) (4)

4.1.5 Hoe regverdig Biko die stigting van die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO)? (1 x 3) (3)

4.2 Gebruik Bron 4B.

4.2.1 Watter eienskappe, volgens Donald Woods, het Biko die 'belangrikste politieke leier in die hele land' gemaak? (3 x 1) (3)

4.2.2 'Hy het 'n militante houding ingeneem wanneer hy sy beginsels verdedig het, ja, maar sy vaste doelwit was 'n vreedsame versoening van alle Suid-Afrikaners. Verduidelik of jy met hierdie evaluasie van Biko saamstem. (2 x 2) (4)

4.2.3 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Donald Woods vir Steve Biko as sy 'mees gewaardeerde vriend' beskou het. (1 x 3) (3)

4.3 Tot watter mate stem Bron 4A en Bron 4B ooreen oor Biko se persoonlikheid? (2 x 2) (4)

4.4 Lees Bron 4C deur.

4.4.1 Verduidelik hoe die woorde van Gordimer: 'In 'n wêreld van soveel onheil … om in 'n land te woon waar daar nog helde is,' Biko se lewe uitbeeld. (1 x 3) (3)

4.4.2 Op watter manier sal hierdie bron bruikbaar wees vir 'n historikus wat Biko se bydrae tot die bevrydingstryd in Suid-Afrika in die 1970's bestudeer? (4)

4.4.3 Verduidelik jou siening met betrekking tot Gordimer se standpunt: 'Dit is moeilik om nie te spekuleer ... wat hy vandag (vir) die nuwe Suid-Afrika sou beteken het nie.' (1 x 3) (3)

4.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (60 woorde) waarin jy verduidelik waarom die apartheidsregering van Suid-Afrika Biko as 'n bedreiging gesien het. (6)

4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Die opstel behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Die dryfkrag agter die Swart Bewustheid was om die gevoelens van minderwaardigheid te oorkom en om 'n swart trots in te prent.

Stem jy saam? Bespreek. (30)

OF

4.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis om Biko se rol en invloed van die Swartbewustheidsbeweging in Suid-Afrika in die 1970's te evalueer. (30)
[75]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou